

Woensdag 11 April

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 4:9-12

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 4:11

Daders van die Woord (3) – Broederliefde

Ná die mooi getuienis oor die gemeente se broederliefde in vers 9 en 10 kan 'n mens amper nie dink dat hulle nog daarop kon verbeter nie. Al weet ons nie presies watter pro-bleme daar in hierdie verband was nie, wys die klem op selfversorgendheid en om jou met jou eie sake besig te hou, tog op iets wat nie plus was nie. Dit word later bevestig in die volgende brief, 2 Tessalonisense 3:6-12.

Om self in jou lewensonderhoud te voorsien, al gaan dit soms moeilik, en nie van ander afhanklik te wees nie, het baie voordele. Behalwe dat dit jou uit die kwaad hou, word jy nie vir ander 'n las met jou behoeftes nie en dwing dit ook respek af by mense buite die ge-meente. Hierin het Paulus self 'n voorbeeld gestel met sy hardwerkendheid in hulle midde, om nie vir iemand 'n las te wees terwyl hy vir hulle preek nie. Dan word hardwerkendheid juis 'n bewys van liefde vir mekaar – 1 Tessalonisense 2:9.

Hoe lyk 'n lewe wat werklik aan God toegewy is? Jy sien dit volgens 1 Tessalonisense 4:1-12 onder andere in iemand se sedelike lewe, naamlik dat hy/sy nie hartstog-gedrewe soos die heidene is nie, in die getrouheid binne die huwelik en in die manier waarop broe-derliefde prakties grondvat! God het baie oor dié dinge te sê. *Doen dit!*

Sing: Psalm 128:1 (1936)

Ds.DHP (Dirk) Wijnbeek (Emeritus)